

B.K. de Beer

Die Dam

Die Geskiedenis van die Hartbeespoortdam

Gepubliseer deur Kameeldoring Boeke



2015 Kopiereg B.K. de Beer

Uitgewersnota



'n Oorwinningsboog, soortgelyk aan die van Keiser Titus in Rome oorheers die damwal van die Hartbeespoortdam. Min mense sien ooit die Latynse opskrif hoog teen die boog: “sine . aqua . arida . ac . misera . agri . cultura” en nog minder mense is bewus van die betekenis daarvan. “Sonder water slegs droë en onvrugbare grond.” Die mense van die Krokodilriviervallei het hiermee hulle oorwinning gevier oor die gevaar wat droogtes vir hulle ingehou het. Bertus de Beer se boek “Agter die Magalies” was 'n monumentale werk met baie inligting oor Brits en die omgewing. Die moderne uitgawe van die boek sal slegs die inligting bevat wat vir die algemene leser interessant kan wees. Hoofstukke soos hierdie oor die Hartbeespoortdam, is uitgesny maar ons publiseer dit graag volledig met die oorspronklike teks en spelling vir die van u wat daarin belangstel, of dit vir navorsing wil gebruik. Sommige van die oorspronklike fotos is nog soek en daarom sluit ons meer moderne fotos of afdrucke uit die boek in by hierdie teks.

My pa, Bertus de Beer was 'n persoon wat dikwels moeilike vrae gevra het, maar vir wie dit nie te veel moeite was om sy navorsing neer te skryf en aan ons na te laat nie. In vandag se terme kon hy moontlik 'n aktivis genoem gewees het, omdat hy nie geskroom het om die munisipaliteit in die openbaar aan te vat oor die vergiftiging van die Krokodilrivier nie. Hy het selfs die regering van die dag teengestaan en as kandidaat die plaaslike lid van die Volksraad laat bontstaan. Dekades tevore het hy die gevaar tekens

gesien en gewaarsku oor die besoedeling van die Hartbeespoortdam. Hy was soos meeste ander boere in die Krokodilriviervallei, afhanklik van die kwaliteit van die water uit die Dam. Waaroor hy egter die meeste bekommerd was, was die behoud van die Afrikaner kultuur en geskiedenis. Hy was trots daarop om 'n Boer te wees en dit was vir hom belangrik dat die geskiedenis en die welslae van die Boere-nasie nie verlore moes raak nie. Bertus de Beer was 'n boer langs die Krokodilrivier net 'n paar kilometer aan die onderkant van die Hartbeespoortdam. Daarom bied hy aan ons 'n unieke perspektief van die geskiedenis van “Die Dam” en hoe afhanklik die boere was van die water uit die dam.

Hierdie is die volledige teks van Hoofstuk 18, uit B. K. de Beer se boek: Agter die Magalies. Die eerste aantal hoofstukke is reeds beskikbaar en soos ons die proeflees en voorbereiding afhandel sal die ander stelselmatig bygevoeg word.

Ons hoop u geniet die stukkies geskiedenis van ons land.

Jaco de Beer
23 Mei 2015



B.K. de Beer skrywer van “**Agter die Magalies**”.

HARTBEESPOORTDAM

Na die totstandkoming van die Witwatersrand as waterskeiding, het groot binnelandse mere aan die suidekant van die Magaliesberge gevorm. Gedurende die Ystydperk was hierdie mere bevrore massas. Opgebou met sneeu neerslae was hier yspakke van honderde meters dik. Na die Ystydperk toe die sneeu en ysberge gesmelt het, was hier ontsettend baie water vrygelaat. Die water het na die laagliggende dele gevloei en daar versamel. Baie gou was die opgaar mere tot barstens toe vol en het die eerste golfies water reeds op die laagste plekke in die bergreeks waar die nekke was, begin oorstrom.

Een van die bekendste plekke waar die water begin oorstrom het, is die latere Hartebeestpoort. Die water aan die suidekant van die bergreeks het gou vir hom 'n moot uitgesny en hoe dieper die moot gesny was, hoe vinniger het die water deurgestorm. Drywende ysblokke is deur die poort geforseer en het die stootskraper werk vinnig aangehelp.

Die ontsnapte water het vir hom 'n baan geskep al op die laagliggende dele in die noordwaartse rigting. Dit vloei later noordoos, swenk by die Rhodesiese grens heeltemal

oos, bars deur die Lebomboberge op die Portugese grens en swenk dan suidoos om na 'n vloei van meer as 1 000 kilometer, in die Indiese Oseaan uit te mond op min of meer dieselfde breedtegraad as sy aanvangspunt.

Miljoene tonne slik is deur die water meegesleur. Waar die helling minder was en die watervloei stadig, was die slik op die oewers neergeset. Sodoende is duisende morge vrugbare landbougrond geskep, wat later deeglik deur boere benut is. Etlike ander strome het by die hoofstroom aangesluit en sodoende het die rivier wat tot stand gekom het, die hoof dreineringskanaal gevorm, wat Noord- en Noordoos-Transvaal sowel as dele van Botswana, Rhodesië en Mosambiek van oortollige water gedreineer het.



Die poort voor die bou van die dam.

Die poort deur die bergreeks is oor duisende eeue diep uitgevreet. Totdat dit uiteindelik baie voete benede die omliggende oppervlakte was. Sodoende is 'n gebied van omtrent 30 kilometer aan weerskante van die poort drooggelê. Etlike strome smelt aan die suidekant saam om die hoofstroom te voed. As ons die Krokodilrivier met sy oorsprong op Witpoortjie as die hoofstroom neem, dan kry ons aan die oostekant Swartspruit, Hennopsrivier en Jukskeirivier. Wes van die hoofstroom is Leeuspruit. Parallel met die bergreeks kry ons die Magaliesrivier wat op sy beurt gevoed word deur die Scheerpoortrivier.

Die totale grootte van die opvanggebied waarvan die water deur die poort vloei, is meer as 4 000 vierkante kilometer. Die waterstrome in die rivier en die sytakke is nie konstant nie en is grootliks afhanklik van die reënval in die onderskeie omgewings.

Dit is bekend dat aan die noordekant van die Magaliesberg met sy geil norietgrond en gemiddelde reënval van oor die 600 millimeter per jaar, daar groot troppe wild gekonsentreer was. Die vlugvoetigste wildsoort in suidelike Afrika is die hartebees, wat ook hier voorgekom het. Die jaggewere van die ou blanke pioniers, was die konvensionele wapen van destyds en was bekend vir sy lompheid en onakkuraatheid. As daar gejag word, moes die wild tot op vyftig meter of nader bekruipt word. Anders moes daar eenvoudig met die perd onder hulle ingejaag word om 'n naby skoot te laat tref.

Die hartebees, omdat hy so vinnig en lewendig was, was dus een van die gesogste

wildsoorte om vir die jagsport te sorg. Daar was in die reël te perd op hulle jaggemaak. Maar omdat geen perd die hartebees kan inhardloop nie, het 'n paar jagters dan 'n trop hartebeeste in die voet van 'n kloof of in 'n ander hoek vasgekeer om darem die eer te hê om een of meer van hulle te kon skiet. 'n Gesogte plek om die hartebeeste vas te keer, was in die poort waar die Krokodilrivier deur die berg kom. Die stroom was te sterk en die kranse weerskante byna loodreg sodat die wild nie daar kon ontsnap nie. En mettertyd was die poort dan ook bekend as die Hartebeestpoort.

Reeds in die jare van die pioniers was die potensiaal van Hartebeestpoort bekend en reeds bespreek. Die middele het egter ontbreek om so 'n projek aan te pak. Maar omtrent in 1896 toe die Boere in die omgewing reeds goed gevestig en finansieel nie te sleg daaraan toe was nie, vind ons dat die jong veldkornet J.A.G. Ras 'n deputasie lei om die destydse Departement van Irrigasie te gaan spreek in Pretoria. Die eienaars van 'n paar plase was van plan om 'n uitkeer damwal in die poort te bou. Konsep serwitute was reeds opgestel en toestemmingsdokumente van die eienaars verkry vir die bou van 'n watervoor om dele van die plase Hartebeestfontein, Zandfontein-Oos, De Kroon en Krokodildrift-Oos te besproei.



Die fondamente van die damwal word gelê.

Die projek was die eerste poging om die poort te benut maar is nooit tot uitvoer gebring nie. Drie redes was daarvoor verantwoordelik. Eerstens het generaal Hendrik Schoeman self 'n dam van groot formaat hoër op in die rivier gebou. Die aandag van president Paul Kruger wat die ingebruiknemingsrede in 1898 by hierdie dam gelewer het, was daarop gevestig dat die poort hom by uitstek leen tot 'n dam van reuse formaat, waarin 'n staatswaterskema tot stand gebring kan word. President Kruger het daarmee saamgestem en opdrag gegee dat voorlopige opnames gedoen moet word. Die tweede rede was 'n afvaardiging van Johannesburg wat versoek het dat die regering 'n dam in die poort moes bou en 'n hidro-elektriese kragstasie daar moes opsit om krag aan die snelontwikkelende dorp te lewer. Ook hierdie saak is ondersoek. Die derde rede was dat die oorlogswolke nou vinnig saamgepak het en die aandag van die Volksraad ten volle in beslag geneem het. In 1899 breek die Engelse Oorlog uit en van damme, watervore en

kanale is daar geen sprake meer nie.

Na die vrede het Ras en klie weer hulle saak opgeneem, ongeveer in 1906. Maar alle dokumente was verlore en die Engelse amptenare wat nou die departement beman het, was baie onsimpatiek teenoor die afvaardigings.

Die boere was tot leuenaars gemaak wat betref hulle vorige onderhandelings en hulle kon geen dokumentêre bewyse van hulle eise voorlê nie. In omstreeks 1906 word gelas dat 'n staatsondersoek ingestel word insake die bou van 'n dam in die Hartebeestpoort. Die ingenieur van die destydse Departement van Irrigasie stel 'n rapport op na sy ondersoek en lê dit aan die regering voor. As gevolg van hierdie gunstige rapport word daar later die Hartebeestpoort Wet No. 32 van 1914 voor die destydse parlement gelê en aanvaar.

Reeds so vroeg as 1909 was daar toetsgate in die bodem van die rivier in die poort geboor om vas te stel of die rotsformasie geskik sal wees vir die bou van 'n reuse damwal. Die watervloei was gemeet. Die hoeveelheid water wat deur die sewe Ouvre benodig word, was vasgestel. Die topografie van die rivieroewer was ondersoek en opmetings gemaak van die moontlike besproeibare grond. Die grootte van die opvanggebied was ook bepaal.



Bou van die brug oor die uitloop.

So vroeg as Augustus 1916 was daar reeds begin met die konstruksie van die damwal. Die werk is egter vertraag hangende die uitspraak van die onteieningshofsake wat voortgespruit het uit geskille met generaal Hendrik Schoeman aan die suidekant van die dam en 'n sekere meneer Marshevin aan die noordwestekant op Hartebeestfontein-Wes. Die geskille is later bygelê maar groot ontevredenheid het gevolg. Daar was inderhaas 'n wet gepasseer om onteiening te vergemaklik.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die daarmee gepaardgaande Rebelle het sake nog verder vertraag. Die eerste maatskappy was ook gelikwideer as gevolg van finansiële verliese deur vloedwater gedaan en 'n tweede het die werk nou aangepak. In 1921 vind ons dat F.W. Scott nou eindelijk na al die terugslae die projek met mening aanpak en in 1923 voltooi.

'n Spoorverbinding vanaf Brits-Wes na die dam word aan die westekant van die rivier gebou om materiaal na die werkplek te vervoer. Dit is 'n smal spoorlyn. Die mense noem dit die Klein Treintjie. Vir eers word die trokkies een-een deur osse gesleep. Maar

later word van 'n petrolaangedrewe trekeenheid gebruik gemaak wat 'n hele paar trokkies op 'n slag kon voortsleep. Nog later word van 'n elektriese eenheid wat met batterye werk, gebruik gemaak. Snags word die batterye gelaai om sodoende krag te verseker vir die volgende dag se werk.

'n Behoorlike gruispad word ook later gebou aan die westekant van die rivier. Die pad van Kommandonek word verleng na die poort en vanaf Silkaatsnek na die poort.

Sodoende is daar nou 'n baan vir die ossewaens en donkiewaens wat materiaal van Brits-stasie na die dam vervoer. Baie vrugte yster, sement en gereedskap word op die wyse vervoer.

Die stoomketel wat krag moes opwek vir die projek se werksaamhede is deur 'n inwoner van De Kroon, meneer L.N. Fourie junior vanaf Pretoria na die dam vervoer. Die ketel het sewe ton geweeg. Dit is vervoer vir die bedrag van £25. L.N. Fourie het kennis gedra van die vervoer van swaar masjiene. Hy het vroeër ook die watermeule op De Kroon vanaf Oos-Transvaal hierheen vervoer.



Die Hartbeespoortdam in aanbou.

Die werksaamhede met die bou van die damwal is kort-kort vertraag en konstruksies beskadig, as gevolg van 'n vloed deur reën veroorsaak. In 1914 en weer in 1918 was groot hoeveelhede konstruksiehout in die rivier afgespoel. Daar was nooit 'n poging aangewend om die timmerhout te herwin nie en die boere het dit wat op hulle eiendom op die oewers uitgespoel het, vir eie gebruik aangewend. Gedurende 1915 het die Geldenhuysdam hoër op in die rivier gebreek en ook 'n vloed veroorsaak. Dit was egter van korte duur en omtrent een dag lank was die rivier vol.

'n Lang hangbrug van staalkabels is van krans tot krans oor die poort gespan. Die brug wat vir voetgangers gebruik was, is na voltooiing van die wal weer afgebreek. Betonklip is op die terrein van harde kwartsiet gemaal en gesif. 'n Groot hoop van die gemaalde klip het na voltooiing nog agter die damwal bly lê naby die uitloop. Die klomp betonklip is later weggespoel toe die dam in 1944 agt voet oor sy uitloop gestyg het.

Na voltooiing van die damwal is duisende rand se gereedskap agter die wal afgestort. Daar was nooit 'n vendusie gehou om die tweedehandse gereedskap te verkoop nie. Om water rede dit gedaan was, is nie duidelik nie. Daar was wel hier en daar 'n kruitwa of 'n graaf aan 'n arbeider privaat verkoop, maar die gros was vernietig.

'n Hele paar mense het met hulle lewens geboet in die werksaamhede van die dam. Daar het ook mense van die kranse afgestort aan die suidekant van die tunnel. Hierdie kranse moes loodreg weggeskiet word om 'n trap vir die pad te vorm waar die tunnel deur die berg gaan. Vir hierdie ongelukkiges was daar 'n monumentjie opgerig aan die suidekant van die berg.




Gedenksuil ter ere van mense wat die lewe gelaat het met die bou van Hartebeestpoortdam.

'n Hidro-elektriese turbine is agter die wal opgerig om krag te voorsien aan die administrasie amptenare. Die dik staal pype teen die berg agter die wal aan die oostekant wat lei na 'n beton struktuur onder op die bedding van die rivier is duidelik sigbaar. Hierdie eenheid was vir baie jare in gebruik toe in ongeveer 1970 oorgegaan is om van Evkom krag gebruik te maak.

Die waterval teen die krans aan die oostekant is nie daar as versiering nie. Daar was naamlik 'n bepaling deur die Waterhof dat 'n gegewe hoeveelheid water deur die administrasie in die bedding van die rivier gestort moet word om as voedingsbron vir die bestaande Ouvore te dien. Hierdie water moet dag en nag, jaar in en jaar uit bly vloei.

Twee dorpie is vir die werkers by die dam aangelê. Een was aan die noordekant van die berg op die wesoewer waar baie van die geboue vandag nog gesien kan word. Dit was as die Witdorp bekend. Daar was ook 'n skool vir die kinders. Die woongebied vir die swart werkers was net noord daarvandaan op die wesoewer. Aan die oostekant was ook 'n dorpie en wel aan die suidelike kant van die berg. Dit was bekend as Melodie. Op hierdie terrein is die latere Schoemansville aangelê. Baie later is daar ook 'n dorpie aan die westekant van die dam teen die berg aangelê, bekend as Kosmos.




Besig om die Weskanaal te grawe. Die grond word eers met spanne osse losgeploeg en dan met grawe op die wal gegooi. Die foto is in 1923 geneem.

Die nagenoeg 550 kilometer kanale was oorspronklik net soos die Ouvore, gewone grondvore. Dit vertraag die vloei van water en bemoeilik ook die skoonmaak en instandhouding daarvan. Die grondkanale het die distribusie van water ook baie bemoeilik. In 1954 word daar egter begin met die uitvoering van die kanale. Die beton uitgevoerde kanale was 'n groot verbetering op die bestaande stelsel. Ongelukkig moes die boere in die proses 'n deel van hulle waterkwotas inboet.

Daar was beweer dat dertig persent van die waterverlies nou oorkom was en dat daar dienooreenkomstig soveel meer morgte grond ekstra ingelys kan word. Die praktyk het dit egter anders bewys. Al wat werklik hiermee bereik was, is dat die belasting nou groter inkomste toon, dat die watergebruiker nou minder water per morg ontvang en ofskoon daar nou 'n gereelde toevloei van rioolwater die dam voed, die verbruiker nou kronies met waterbeperkings te kampe het.

Gedurende die bou en na voltooiing van die dam, het die staat etlike plase opgekoop en uitgeruil. Hierdie grond is waar dit met swaartekrag besproei kon word,

ontbos en in persele van twaalf morg grootte opgesny. Aanvanklik was daar 'n huisie en tabakskuur op gebou en later ook 'n tabakdroogoond. Die persele is toegeken aan oudwerkers op die skema. Die gelukkige persoon het dan trekvee, muile of osse gekry asook die belangrikste landbou gereedskap en 'n melkkoei. Die prys van die perseel was om en by die £600 en moes in paaielemente terugbetaal word. Die vee en gereedskap moes ook op die wyse aangekoop word.



Blanke werkers besig om die sekondêre kanale te grawe in 1922.

Baie van die mense het 'n sukses van hul boerdery gemaak en binne 'n kort tyd was die eiendom op hul name geregistreer. Ander het jare lank geswoeg en steeds dieper in die skuld geraak totdat die staat die perseel teruggeneem en aan ander toegeken het. Sommige mense het misbruik gemaak van die voorreg. Hulle het die vee geslag of verkoop en party het selfs in die nag verdwyn om nooit weer gesien te word nie.

Privaat grond van boere was ook ingelys en die eienaars het geweldig gebaat by die kapitaal appresiasie van hulle eiendom. Ook hulle het hulle plase en persele opgesny en as besproeiingsgrond bewerk. Baie het hulle grond verkoop vir die hoë pryse wat hulle nou daarvoor aangebied was.

Na voltooiing van die Hartebeestpoortdam het die pragplase van twee bekende Afrikaners gedeeltelik onder die water toegestoot. Die een net suid van die damwal naamlik Schoemansrust, het behoort aan generaal Hendrik Schoeman. Die een suidwes van die wal was Grootplaas en het aan kommandant M.W. Pretorius behoort. Die geskiedkundige en tradisionele wapad vanaf Rustenburg oor Kommandonek na Pretoria was ook met water bedek. Die bekende Paul Kruger-brug oor die Krokodilrivier met sy hout timmerwerk en ysterrelings het eweneens 'n watergraf gevind.



Klipkrale steek uit toe die Dam sy laagste vlak ooit bereik.

Die plaas Schoemansrust was 'n hoogs ontwikkelde plaas. Dit was weerskante van die rivier besproei uit 'n reusedam wat generaal H. Schoeman in die poort in die Skurweberg gebou het. Volgens oorlewering het die dam om en by die £10 000 gekos om te bou. 'n Som geld wat in daardie tyd bereken, 'n fortuin was.

Gert Kock, 'n swaer van Schoeman, het ook 'n deel van die plaas bewerk. Die plaas was intensief bewerk en het groot hoeveelhede vrugte, groente en ander gewasse geproduseer vir die lokale markte. Reste van Schoeman se klip veeckrale kan nog duidelik gesien word as die dam leeg is. Dit is gesetel regoor die bestaande hotel teen die oostekant van die dam. Die tekens van die Ouvore en leidamme is ook nog sigbaar.

Die onteiening van gedeeltes van hierdie plaas vir die doel van waterberging het 'n uitgerekte hofsak tot gevolg gehad. Generaal Hendrik Schoeman was nie onwillig om sy eiendom af te staan vir ontwikkeling en vooruitgang nie, maar hy was bitter ontevrede oor die vergoeding wat hom aangebied was. Mens moet onthou dat dit juis die waardevolste grond onder besproeiing was wat die beste opgebou en bewerk was en die kroon van sy plaas uitgemaak het. Juis hierdie dele sou onder die water verdwyn.

In 1970 is begin om die dam se wal met tien sluise op die uitloop te verhoog. Dit sou die dam se bakmaat vergroot en die waterhoogte met nagenoeg twee en 'n half meter laat styg.

Hierdie projek is aanvaar nadat die regering besluit het om Brits tot 'n 'grensnywerheidsgroeipunt' te verklaar. Omdat die dam reeds nie meer in die bestaande behoeftes kon voorsien nie, moes daar 'n poging aangewend word om meer water op te gaar om te voorsien in die behoeftes van die talle fabrieke wat hier gevestig moes word. Die snelontwikkelende dorp as gevolg van die nywerheidsvestiging sou ook in toenemende mate sy eise vir water laat toeneem. Om nie te praat van die groot swart woongebied wat beplan word om te voorsien in die arbeidsbehoefte van die fabrieke nie.



Die tonnel aan die ooste kant van die Dam.

Aangesien die opvanggebied van die dam en die reënval nie vergroot kan word nie, sal die Hartebeestpoortdam in die nabye toekoms 'n versadigingspunt bereik. Daarna sal sekere komponente prioriteit ten koste van ander geniet, sover dit watervoorsiening betref. Die boere is nie blind vir die feit nie en besef dat hulle die hoogste op die skrapingslys staan.

Voorlopige aanvoorwerk is reeds gedoen deur die Departement van Waterwese om in die toekoms die totale beheer van alle water in Hartebeestpoortdam onder staatsbeheer te plaas. Permitte is aan eiendomme onder Ouvoorbesproeiing uitgereik. Iets wat vir meer as 'n eeu nie nodig was nie. Met die uitreik van permitte is besproeiingswater aan eiendomme toegeken wat histories geen reg daartoe het nie. Aangesien die staat nou 'n groot hoeveelheid morge grond met hierdie stelsel ekstra ingelys het en die konstante waterstroom nie verhoog word nie, sal bestaande ingelyste eiendom nou gepeenaliseer moet word om te voorsien in die behoeftes van eiendom wat nooit voorheen besproei was nie.


Na vertoë van die boere aan die staat om hulle te help met die beton uitvoering van die Ouvore, het die staat sy bereidwilligheid te kenne gegee op voorwaarde dat die boere hul waterregte wat geslagte reeds bestaan, moet opsê en die volle beheer aan die staat moet deleger. Party boere was hiervoor te vinde, maar ander het geweier. In 1973 hou die Departement 'n vergadering in die Brits stadsaal en stel dit aan die boere dat die Ouvore baie water vermors en dat daar meer grond met die betrokke water besproei kan word as die staat volle beheer oor die Ouvore gegee word.

Dit is baie duidelik 'n kondisioneringsproses wat 'n aanvang geneem het. 'n Proses wat moontlik daarop sal uitloop dat waterregte wat vir meer as 'n eeu reeds bestaan dalk ernstig aangetas sal word.

Vir meer as 'n eeu het oewereienaars vanaf Hartebeestpoort tot duskant Beestekraal, die water in die rivierbedding benut. Al die jare het die Ouvore die alleenreg gehad om water uit die rivierbedding te neem vir gebruik. Dit is deur serwitude en ander

wettige bepalings so beskrywe. Die latere Waterhof uitspraak het dit ook verder omskryf, bepaal en bekragtig.

Maar die munisipaliteit van Brits het hom nie juis hieraan gesteur nie. Of die oewereienaars die water vir besproeiing, veesuiping of drinkwater gebruik het, kon hulle nie veel skeel nie. Vroeg al het die dorp sy vuil storm-afloopwater eenvoudig in die rivier gestort. Die nagvuil is op die rivieroewer in slote gegooi. Met die oprigting van die fabriek is daar eenvoudig 'n stormwatersloot na die rivier gemaak. 'n Stormwatersloot wat in die toekoms nog baie giftige chemikalieë vanaf die fabrieksterreine na die rivier sal voer. Geen voorsorg is tot dusver gemaak om besoedeling van die rivier te voorkom nie.



Op 11 Julie 1974 slaan die rivier-bedding aan die brand as gevolg van vuilis deur die fabriek daarin gestort.

Deur geregistreerde serwitute asook hofuitsprake, was die bedding van die Krokodilrivier vanaf Hartebeestpoort tot by Beestekraal gereserveer vir die gebruik van die oewereienaars. Die reg van wateronttrekking uit die rivierbedding, was slegs aan die sewe Ouvore gegee. Die plaaslike owerhede het hulle egter min hieraan gesteur. Alhoewel die besture van die Ouvore tydig gewaarsku het teen besoedeling van die rivierbedding, was daar steeds 'n dowe oor verleen.

Spoedig het die rivierbedding gestink van opgehoopte vullis wat deur stormwaterslote daarin gestort was. Op 11 Julie 1974 raak die rivierbedding aan die brand. Die plek is die punt waar die fabriek se afloopsloot sy vullis in die rivier stort. Swart rookwolke toring die lug in en besoedel die omgewing. Plaaslike inwoners gaan kla by die gesondheidsinspekteur op Rustenburg. Die plaaslike brandweer moes die vlamme in die rivier gaan blus. 'n Mens wonder hoe laerliggende boere die water nog vir besproeiing, veesuiping en menslike gebruik kan aanwend.

In 1972 bou die munisipaliteit 'n pyplyn om water uit die rivierbedding te pomp in stryd met die Waterhof uitspraak en ander bepalings. Met die aanvang van die pyplegging word die Departement van Waterwese se aandag daarop gevestig. Hulle beweer dat dit 'n plaaslike fout is. Die fout word egter voltooi in 'n pypleiding, gereed om water uit die bedding van die rivier te pomp. Dis 'n ope vraag of soveel koste aangegaan sal word bloot vir die pret.



Die Hartbeespoortdam loop vir die eerste keer oor in Maart 1925

GEGEWENS OOR DIE HARTBEESSPOORTDAM

1. Hoogte bo seespieël: 3 800 vt of 1158,5m.
2. Opvanggebied: 4 032 km²
3. Gemiddelde jaarlikse invloei: 8 000 morg vt of 22000 miljoen liter.
4. Gemiddelde reënval: 711mm.
5. Slegs 1 persent van die totale reënval in die opvanggebied word in die dam opgevang.
6. Daaglikse verdamping as die dam vol is, is plus-minus 60 morg voet, of 36 miljoen gelling, of 165 miljoen liter.
7. Oppervlakte deur dam bedek as dit vol is:
Voor wal verhoging: 1 920 morg of 1645 hektaar.
Na wal verhoging: 2 200 morg 1885 hektaar.
8. Langste lengte van waterstrook: 6 myl of 9.66 km.
9. Lengte van oewerlyn: ongeveer 35 myl of 56.33km.
10. Bruto opgaarvermoë:
Voor wal verhoging 168 096 miljoen m³
Na wal verhoging: 212 065 miljoen m³

11. Netto opgaarvermoë:
Voor verhoging van wal: 147 905 miljoen m³
Na verhoging van wal: 192 731 miljoen m³
12. Effektiewe standhoogte van water:
Voor verhoging van wal: 17,68 meter
Na verhoging van wal: 20,12 meter
13. Staatskanale besproei: 15 473 morg of 13256 hektaar.
14. Ouvre besproei: 2 800 morg of 2400 hektaar.
15. Dravermoë van hoofkanale by aanvangspunte 8,5 kumek (300 kusek).
16. Lengte van Kanale: 544 km
17. Hoogte van uitlaatsluise bokant rivierbedding: 24,99 meter
18. Hoogte van wal bokant uitloop: 21 vt of 6.4m.
19. Maksimum hoogte van betonwerk: 59,35 meter
20. Lengte van brugspan oor uitloop: 141 vt of 43m.
21. Lengte van wal: 490 vt of 150m.
22. Hoogte van wal: 195 vt of 59.5m.
23. Lengte van tunnel: 186 vt of 56.7m.
24. Breedte van wal se basis: 71 vt of 21.65m.
25. Breedte van wal by padhoogte: 15 vt of 4.6m.
26. Aantal sluise op uitloop: 10
27. Boukoste van dam: R6 800 000
28. Lopende administratiewe koste per jaar: ongeveer R70 000 (1974)
29. Vol kwota per morg per jaar toegeken: 52 kusek.
30. Hoeveelheid by waterval in bedding gestort vir Ouvre: 19 kusek.
31. Dam het 15 keer oorgeloop voor verhoging van die wal.
32. Gedurende 1962-63 is slegs 6 kusek per morg aan boere toegestaan.



Hartbeespoortdam sluise word vir die eerste keer in 1975 oopgetrek.

INTERESSANTE DATUMS VAN HARTBEESSPOORTDAM

1840 Die eerste blanke vestig hom aan die noordekant van Magaliesberg, waar die Hartebeestpoort Besproeiingskema later tot stand sou kom.

1850 Hartebeestpoort kry sy naam van jagters.

1890 Plaaslike boere ondersoek die moontlikheid van 'n uitkeerdamwal in die Hartebeestpoort.

1896 Veldkornet J.A.G. Ras lei 'n afvaardiging na Pretoria om toestemming te kry vir die bou van 'n uitkeerwal in die poort.

1898 Generaal Hendrik Schoeman oortuig president Paul Kruger van die potensiaal van Hartebeestpoort.

1903 Afvaardiging van Johannesburg versoek die departement om 'n hidro-elektriese kragstasie in die poort op te rig.

1906 Veldkornet Ras en koe hervaar hul samesprekings sonder sukses.

1906 Staatsopdrag word gegee om die moontlikheid vir die bou van 'n dam in die poort te ondersoek.

1909 Toetsgate word in die bedding van die poort geboor.

1913 Hoof-ingenieur F. A. Hurley dien sy verslag by die Volksraad in.

1914 Die Hartebeestpoort Wet No. 32 van 1914 word aanvaar.

1914 Uitbreek van Eerste Wêreldoorlog en binnelandse Rebelle verlaag werksaamhede.



Een sluis word oopgetrek.

1916 Die werk aan die dam begin (Augustus).

1917 Onteieningshofsake verlaag die werk.

1918 Onteieningswet No. 23 word inderhaas deurgevoer en aanvaar.

1918 Vloed beskadig konstruksie en voer tonne timmerhout weg.

1919 Eerste konsortium gelikwideer.

1921 Werksaamhede begin weer onder leiding van F. W. Scott.

1921 Begin hoofkanale bou.


1923 Dam word voltooi (April).

1923 Pad oor damwal word oopgestel (September).

1925 Hoofkanale word voltooi.

1925 Dam loop vir eerste keer oor (Maart).

- 1927 Sekondêre kanale word voltooi.
- 1934 Dam loop oor.
- 1937 Dam loop oor.
- 1940 Dam loop oor.
- 1941 Dam loop oor.
- 1943 Dam loop oor.
- 1944 Dam loop oor ('n Rekord 8 vt. hoog oor die uitloop.)
- 1945 Dam loop oor.
- 1946 Dam loop oor.
- 1954 Kanale word uitgevoer met beton.
- 1955 Dam loop oor.
- 1956 Dam loop oor.
- 1957 Dam loop oor.
- 1958 Dam loop oor.
- 1959 Dam loop oor.
- 1962 Vlak van die dam sak tot 2 vt. (Die laagste in die geskiedenis.)
- 1967 Dam loop oor.
- 1970 Uitloop word met sluise verhoog.
- 1971 Permitte vir watertoekenning word aan Ouvoor-grond toegeken.
- 1972 Brits Munisipaliteit maak sy eerste aanslag op die bedding van die rivier.
- 1973 Die Staat wend 'n ernstige poging aan om beheer oor die Ouvore te kry.
- 1975 Dam loop oor.



Pierneef se skildery van die Dam

PLOT GROOTTES ONDER DIE SKEMA

Grootte in Morg	Grootte in Hektaar	Aantal Plotte
0 tot 12	0 tot 10.28	1428
12 tot 15	10.28 tot 12.85	177
15 tot 20	12.85 tot 17.13	76
20 tot 25	17.13 tot 21.42	12
25 tot 30	21.42 tot 25.70	20
30 en groter	25.70 en groter	18

JAARLIKSE REËNVAL

Jaar	Duim	Millimeter
1938	21.81	554
1939	34.23	869
1940	28.1	714
1941	21	533
1942	31.96	812
1943	31.21	793
1944	30.64	778
1945	22.05	560
1946	25.22	641
1947	25.14	639
1948	25.16	639
1949	30	762
1950	27.22	691
1951	24.98	634
1952	24.78	629
1953	24.47	622
1954	23.62	600
1955	33.44	849
1956	23.96	609
1957	25.87	657
1958	32.24	819
1959	24.03	610
1960	26.32	669
1961	25.23	641
1962	22.08	561
1963	20.82	529
1964	23.49	597
1965	12.58	320
1966	23.43	595
1967	39.02	991
1968	22.35	568
1969	27.91	709
1970	15.65	398

GEMIDDELDE MAANDELIKSE REËNVAL OOR 10 JAAR

Maand	Duim	Millimeter
Januarie	3.41	86.61
Februarie	2.81	71.37
Maart	2.82	71.63
April	2.61	66.29
Mei	1.49	37.85
Junie	0.21	5.33
Julie	0.03	0.76
Augustus	0.19	4.83
September	0.24	6.10
Oktober	2.53	64.26
November	3.17	80.52
Desember	3.45	87.63




Motors wag om die wal van die Dam oor te steek.

GEMIDDELDE MAKS EN MIN TEMPERATUUR OOR 10 JAAR

Maand	Celsius		Fahrenheit	
	Maks	Min	Maks	Min
Januarie	30.28	18.00	86.50	64.40
Februarie	31.61	18.67	88.90	65.60
Maart	30.00	16.72	86.00	62.10
April	26.39	11.83	79.50	53.30
Mei	24.33	8.39	75.80	47.10
Junie	19.11	2.78	66.40	37.00
Julie	20.72	4.94	69.30	40.90
Augustus	22.33	7.17	72.20	44.90

Maand	Celsius		Fahrenheit	
	Maks	Min	Maks	Min
September	26.17	12.28	79.10	54.10
Oktober	30.67	15.50	87.20	59.90
November	26.33	16.28	79.40	61.30
Desember	28.89	17.00	84.00	62.60

Die volledige boek “Agter die Magalies” bevat baie meer oor die geskiedenis van Brits en sy inwoners. Ander hoofstukke bevat interessante inligting oor konstruksie metodes wat gebruik is in die bou van die Ouvore en kanale. Hierdie is die “nuwe voorblad” vir die boek:



Besoek die uitgewerblad by www.kameeldoringboeke.co.za vir meer nuus oor die vordering met die boek. Navrae kan ook gerig word aan jaco@bushmanstories.co.za.

Die eerste hoofstuk van die boek is beskikbaar by www.cdbooks-r-us.com